# Huisgeloof

**Verlore & Gevind**

## 1 Begin hier

Vertel van 'n keer toe iets weg geraak het wat vir jou belangrik of kosbaar was. Hoe het dit gebeur? Waar het jy gesoek? Wie het almal gehelp soek? Het jy dit weer gevind?
Dalk het julle ook al verdwaal? en moes jy iemand vir aanwysings vra? Gelukkig help ons fone ook daarmee.
Die Bybel vertel ook stories van iets of iemand wat wegraak - en dit is soos iemand wat ver van God voel en dan deur Jesus gevind word!

## 2 Lees

**Lukas 15:1-10**
**Psalm 51**

Laai die **DinkJeug Familie App** gratis af vir daaglikse huisgeloof oordenkings.

Google Play:

Apple iStore:

## 3 Gesels



- Wat staan vir jou uit in die storie van die verlore skaap?
- En die verlore muntstuk?
- Hoe voel dit om verlore te voel? Wat laat 'n mens so voel?
- Jesus word vergelyk met die herder of die vrou. Hoekom?
- Hoe voel jy om te weet jy is geliefd en gevind.

## 4 Bid

Gesels oor wat bekering beteken.
Ons bely ons sonde want Hy het ons reeds vergewe.
Gebruik Psalm 51 as 'n gebed om jammer te sê.

## 5 Doen

Gebruik wol of watte om elkeen 'n skaap te maak en gebruik 'n vetkryt om 'n munt af te trek en op 'n melkdoppie te plak.

Laat iemand almal se skape en munte gaan wegsteek. Help mekaar om dit te soek.